



EMMAUS SENTRUM NUUSBRIEF - 28 Mei 2015



Beste kollega

Die derde kwartaal is voor die deur. Maak seker dat julle moeite doen om gedurende dié kwartaal die uitstekende kursus, "AMPER DAG" aan te bied - verwerk na aanleiding van die boek van Jaap Durand.

"Almal wat die ses byeenkomste deurloop het is vol lof oor die verskil wat dit maak aan die manier waarop mense oor oudword dink!"


Ons hoor graag van jou.

Deon Kitching (Emmaus Sentrum)

BEKENDSTELLING VAN ONS NUWE GEMEENTE-KURSUS (IN GROEPE VAN 6-8 PERSONE)


AMPER DAG

'N SESWEKE REIS VIR ALMAL IN DIE NAJAAR VAN HULLE LEWE



Gegrand op die boek en DVD's van Prof Jaap Durand "Dit is Amper Dag"

Leiersgids en Reisjoernale saamgestel deur Eugene Malan



Die boek van Prof Jaap Durand is nou beskikbaar by die Emmaus Sentrum
(sonder die aankoop van die kursus)

Kostes: R85 (boek) plus R75 koeriergelde

[Klik hier om te bestel](#)

Kry hier meer inligting oor die Amper Dag-pakket

MATERIAAL EN KOSTES - [Klik hier](#)

Kyk na die DVD (oor die AANPAK, STRUKTUUR EN TEMAS) - [Klik hier](#)

Meer oor die DOEL VAN DIE REIS - [Klik hier](#)

BESTELLINGS - [Klik hier](#)

5 GOEIE REDES WAAROM JULLE 'N AMPER DAG-KURSUS IN JULLE GEMEENTE BEHOORT AAN TE BIED

1. Daar word aktief gefokus op die geloofsvrae en behoeftes van mense wat in die laaste fase van hulle lewe ingaan. Hierdie groep word baiekeer oor die hoof gesien.
2. Die materiaal is baie sinvol, aktueel en Bybelgetrou met 'n skrywer soos Jaap Durand aan die stuur
3. Die vrae en kwessies wat behandel word spreek tot die geloofsreis van mense wat opreg worstel met lewensvrae
4. Die reisjoernaal en ander materiaal is so opgestel dat dit werklik 'n sesweke- lange geloofsreis word vir almal wat betrokke is. Hulle kry ook geleentheid om met mekaar te praat oor hulle eie insigte, vrae en behoeftes
5. Dit ontwikkel die sinvolle bediening aan mense in die najaar van hulle lewe



[KYK DVD](#)

Samesteller van die Leiersgids en Reisjoernale - [Eugene Malan](#)

1. Hierdie is jou eerste treë op die reis van nadenke oor die *najaar van die lewe*.
2. Dit is 'n reis waarin daar op die unieke behoeftes, worstelinge en vrae van ouerwordende persone, vanuit 'n geloofsperspektief, gefokus word.
3. Dit is 'n reis wat jou sal bemoedig, insig gee en versterk met geloofsankers wat hul soliede grondslag in God se trou vind.

Prof Jaap Durand, skrywer van “Dis Amper Dag”



In die die kursus handel **Jaap Durand** oor die twyfel en geloofskwessies van mense in die **laaste fase van hulle lewe**. Na aanleiding van sy boek “**Dit Is Amper Dag**” praat hy reguit en opreg oor ouer mense se stryd en vreugdes.

Die reis word in drie dele verdeel:

In die **eerste gedeelte** praat hy oor die sogenaamde “**laaste**” of “**finale**” fase van enige mense se lewe. Hy gee aandag aan die **onsekerhede en skuldgevoelens wat in die fase** ‘n mens mag besig hou – veral gegewe die feit dat jy meer tyd op jou hande het!

In die **tweede gedeelte** word gefokus op die pad wat agter die rug is. Ons het nou tot hiertoe gekom. Was die lewe ‘n lus of ‘n las? Na aanleiding van die Pauliniese teologie bespreek Jaap Durand eerlik die **ononderbroke stryd van die geloof**. Hy praat oor die “bose magte en kragte” waarna Paulus verwys.

Maar die reis bestaan nie net uit stryd nie. **Daar is ook die ononderbroke rus van die geloof**. Ten spyte van die “doring in die vlees” kan Paulus van baie rus getuig. Waar kry hy die krag vandaan om die rus te geniet? Durand dui dit treffend aan deur te kyk na die gehele Bybel-konteks.

In die **derde gedeelte** probeer hy tipies skugter antwoorde soek op die vraag: **Wat lê in die toekoms?** Prof Jaap behandel in die laaste gedeelte sy totale afwysing van die sogenaamde “tussen-toestand” wat sovele gelowiges onseker gemaak het oor die lewe na die dood. Hy wys dit ten sterkste af en gee met goeie reg antwoorde uit die Skrif wat die lering afwys.

Opgestel deur Deon Kitching

Vir die Emmaus Sentrum, www.emmaussentrum.co.za, emmausinfo@mweb.co.za,
Posbus 111, Paarl, 7646